KRUISKERK.CO.ZA
Gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 22:1-14
**Tema :** Gaan jy troue toe? Is daar iets soos 'n Goddelike uitnodiging en waartoe is dit?

BROODJIES VIR DIE PAD

"True teachers are those who use themselves as bridges over which they invite their students to cross; then, having facilitated their crossing, joyfully collapse, encouraging them to create their own."
— Nikos Kazantzakis

"If there is no laughter, Jesus has gone somewhere else. If there is no joy and freedom, it is not a church: it is simply a crowd of melancholy people basking in a religious neurosis. If there is no celebration, there is no real worship."
— Steve Brown, Approaching God: Accepting the Invitation to Stand in the Presence of God

"I used to want to fix people, but now I just want to be with them."
— Bob Goff, Love Does: Discover a Secretly Incredible Life in an Ordinary World

People want black-and-white answers, but Scripture is rainbow arch across a stormy sky. Our sacred book is not an indexed answer book or life manual; it is also a grand story, mystery, invitation, truth and wisdom, and a passionate love letter."
— Sarah Bessey, Jesus Feminist: An Invitation to Revisit the Bible's View of Women

"I have learned to prize holy ignorance more highly than religious certainty and to seek companions who have arrived at the same place. We are a motley crew, distinguished not only by our inability to explain ourselves to those who are more certain of their beliefs than we are but in many cases by our distance from the centers of our faith communities as well."
— Barbara Brown Taylor, Leaving Church: A Memoir of Faith

"The soul speaks its truth only under quiet, inviting, and trustworthy conditions."
— Parker J. Palmer, Let Your Life Speak: Listening for the Voice of Vocation

"But we all suffer. For we all prize and love; and in this present existence of ours, prizing and loving yield suffering. Love in our world is suffering love. Some do not suffer much, though, for they do not love much. Suffering is for the loving. This, said Jesus, is the command of the Holy One: "You shall love your neighbor as yourself." In commanding us to love, God invites us to suffer."
— Nicholas Wolterstorff, Lament for a Son

"One cannot get much more vulnerable than to expose oneself psychologically. To share oneself with another and then be misunderstood or rejected is, for many, a risk not worth taking. As a result, this is the rarest of intimacies and the reason so many of us are reluctant to share even with loved ones our deepest concerns and insecurities about ourselves. Yet there is no closeness that can surpass the sense of feeling known and still being liked, accepted, welcomed, invited to exist."
— Gabor Maté, Hold On to Your Kids: Why Parents Need to Matter More Than Peers

"The leap of faith always means loving without expecting to be loved in return, giving without wanting to receive, inviting without hoping to be invited, holding without asking to be held. And every time I make a little leap, I catch a glimpse of the One who runs out to me and invites me into his joy, the joy in which I can find not only myself, but also my brothers and sisters. Thus the disciplines of trust and gratitude reveal the God who searches for me, burning with desire to take away all my resentments and complaints and to let me sit at his side at the heavenly banquet."
— Henri J.M. Nouwen, The Return of the Prodigal Son: A Story of Homecoming

**Herman Lategan: Om weer veilig te voel soos baie lank gelede**

Die man droom sy gô is uit. Hy voel soos dooie stof en soek na ’n vars lewensuitkyk, dalk deur terug na sy verlede te staar.

James Dean: Oudisie vir die lewe.

Dit is vir hom asof die aardbol ’n dodehuis is, gejukstaponeer met hoesende kadawers en die aanhoudende agtergrondgeraas van kru vooruitgang. Hy wens hy kon grasieus op die ritme van verandering dans.

Die man voel anoniem en sonder familie, maar dan onthou hy ’n stuk uit die Bybel: “Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge.” Die man dink aan sy oorlede ouma en haar eenvoudige huis met die blinkrooi stoep, koejawelboom en groot tuin. Hy sal soos die verlore seun opstaan en soos kleintyd die Bitterfontein-trein na haar toe neem.

Hy sal weer onder daardie boom sit en met dolosse speel, saans met kerslig bed toe gaan, soggens wakker word met die brandende hout in die Dover-stoof se geknetter. ’n Ketel sal met stomende brakwater fluit.

Die trein sal by al die ou bekende stasies stop: Moorreesburg, Piketberg, Het Kruis, Graafwater, Klawer, Vredendal en dan Lutzville. Dit maak nie saak hoe laat in die diep nag dit is nie, by elke stasie sal hy nuuskierig na die perron uitkyk.

Hy sal die venster na onder druk, oopmaak en die skitterende krytwit Melkweg inasem. Soms sal die maan die perronne verlig. Die donkerte sal warm wees en die duisternis sal langs sy nek asemhaal. Miskien sal dit ysig wees en die punt van sy neus sal soos ‘n kat se natkoue een voel. Dan sal hy sy snuit wikkel-wikkel. Hy sal spin van welbehae.

Die lewe sal mooi en goed wees vir hierdie rooiwangkind. By elke perron is daar die kenmerkende stoom- en steenkoolreuk.
Die klank van melkkanne vol vars melk wat gelaai word, sal weergalm, asook ’n kriekekoor. ’n Kondukteur loop langs die waens met sy lamp, wieg-wieg gaan die liggie.

’n Fluitjie blaas. Die lokomotief gee ’n kort toet. ’n Lang wurm waens ruk-ruk as hulle begin beweeg. Sshhhh blaas die lokomotief. Kadoef-kadoef, tak-tak, kadoef-kadoef, tak-tak, gaan die trein se wiele.

Daar is fyn klinkertjies, klein rooi steenkoolstukkies, wat uit die lokomotief waai. As hy nie sy kop vinnig binne toe trek nie, kan hulle ’n vel eina brand.

Wanneer hy gaan inkruip, sien hy weer die helder hemelliggame. Die ovale spieël met sy blink raam glinster in die donker.

Hy sal by sy ouma se voordeur aanklop. Sy sal oopmaak en hom verwelkom, asof hy lank in die woestyn rondgewandel het. Hy sal haar hande vashou en veilig in hierdie dorre wêreld voel. Daarna sal hy hom soos kleintyd aan haar bed se voetenent werp en sy sal hom aan die slaap sus.

---

**BROOD VIR DIE PAD**

**Leslie van Rooi: Hoe gemaak met mure en hekke?**

Leslie van Rooi het tydens ’n besoek aan Belfast, Ierland, opnuut gewonder hoe ’n mens ’n geskiedenis van pyn en geweld hanteer.

’n Besoek aan Noord-Ierland is nie volledig sonder ’n besoek aan die stad Belfast nie. Dit is ’n pragtige, relatief klein en vriendelike stad met ’n unieke geskiedenis.
Die storie van Belfast sluit aan by die storie van die groter Keltiese geskiedenis, maar daar is tog ook ’n verskil, naamlik die groot historiese onderskeid tussen die algemener geskiedenis en die skerp kerklike en politieke onderskeid tussen Katoliek en Protestant. En dus tussen dié vir ’n verenigde Ierland en dié wat hulself trotse volgelinge van die Britse koning noem. En dit is juis hierdie skerp onderskeid – iets wat vandag steeds sigbaar is – wat geen Suid-Afrikaner onaangeraak laat nie.
Maar, soos ook met ander Suid-Afrikaners wat plekke soos Belfast, Ulster en ander stede van Noord-Ierland besoek, staan ’n mens tog verbaas oor hoe kompleks die geskiedenis en ook die huidige konteks van Belfast is. Die in-jou-gesig-onderskeid tussen Katolieke en

Protestantse skole, buurte, strate, winkels en leefruimtes is op ’n manier onverklaarbaar. Natuurlik is daar erkenning en verstaan van die historiese realiteite en ’n mens moet erken dat die pyn van die verlede nog vlak is. Maar daar is tog elemente en simbole in die stad wat jy regtig nie (meer) verwag nie.

Maar hoe maak ’n mens nou eintlik met ’n geskiedenis gekenmerk deur pyn, verdeling, geweld en isolasie? Moet jy dit onthou? Of moet jy eerder probeer om dit so gou as moontlik te laat vervaag? Moet jy die volgende geslagte daarvan vertel en, in die mate wat dit moontlik is, laat meemaak? Of moet jy dit verberg en eerder ignoreer?

Dit is vrae wat gelyk eenvoudig en kompleks is. En hierdie vrae speel byna gelyk af in jou gedagtes na ’n toer deur die verskille woongebiede van Belfast.

En as dit by hierdie vrae kom, moet jy bely dat sekere aspekte van die Noord-Ierse geskiedenis moeilik is om te verstaan. Dit is veral só as jy met ’n Suid-Afrikaanse bril na alles kyk. Wat dalk vir ons eenvoudig voel, is om verskeie redes glad nie so eenvoudig nie – dit besef ’n mens nogal vinnig. Wat jy dink jy verstaan, help jou om sin te maak van Belfast en sy mense. Maar op ’n manier ook nie.

Ter wille van vrede

Maar daar is tog ’n verskil tussen iets wat onverstaanbaar en/of onverklaarbaar is en iets wat ondenkbaar is. ’n Voorbeeld van laasgenoemde is die sogenaamde vredesmuur wat steeds bo sekere woonbuurte in Belfast toring. Die muur wat, só word dit geglo, vrede bring, skei buurte, strate en winkels tussen Katoliek en Protestant. Dit toring bo huise, soms tot 20 m hoog, en bewaar vrede oor strate en buurte waar bloed selfs nie so lank gelede nie in die strate gevloei het.

Boonop is daar dele in die muur met groot straathekke wat steeds in die aand gesluit word om toegang tussen Katolieke en Protestantse buurte te verbied. Dit is dus geen wonder nie dat verreweg die meeste skoolkinders in Belfast steeds óf ’n Katolieke óf ’n Protestante skool bywoon, met slegs enkele sogenaamde geïntegreerde skole. Op ’n sekere vlak is dit ook op ’n manier ondenkbaar. Maar, só voel dit vir ’n buitestander, dit word gewoon as ’n realiteit aanvaar.

Maar hoe maak ’n mens nou as die verlede in die hede teenwoordig is?

In Belfast, of só kom dit voor, is die gemeenskappe vasgevang in die Goeie Vrydag-ooreenkoms van 1998 wat noodsaaklike en welkome vrede gebring het. Maar dit het dalk ook burgers die moontlikheid ontneem om, deur harde gesprekke en opofferings, mekaar te probeer vind.

Dalk is daar iets soos om vasgevang te wees in vrede – dat jy in die moontlikheid en ervaring van vrede, nie buite jou ruimte en grense kan beweeg nie, want dalk ontneem dit jou vrede. Elke straathoek in die vredesmuur het sy eie storie, sy eie slagoffer en oorwinnaar. Ook dit klink bekend vir ’n Suid-Afrikaanse oor.

Hoe dit ook al sy, as daar ’n rasionaal vir die vredesmuur in die 1970’s, 1980’s en 1990’s was, moet ’n mens tog vra hoekom Belfast, soos Ulster, net ten dele verder beweeg het. In dieselfde asem moet jy gelyk erken dat die stad ver weg is van ’n samelewing waar bomontploffings en ander vorme van geweld aan die orde van die dag was.

Maar net dalk kan hierdie vorm van vrede juis veroorsaak dat ’n mens vasgevang word in die verlede sonder die moontlikheid om werklik aan te beweeg.

• Dr. Van Rooi is die senior direkteur: sosiale impak en transformasie aan die Universiteit Stellenbosch. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*